## KONTAKBESONDERHEDE

Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.
QR kode op binneblad.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Kosie | de Wet | 04/19 |
| Poekie | Fourie | 04/19 |
| Dalene | le Roux | 04/19 |
| Gita | Fourie | 04/21 |
| Christene | Breytenbach | 04/22 |
| Tania | Fourie | 04/22 |
| Francois | de Wet | 04/23 |
| Susie | Nel | 04/23 |
| Martolucia | White | 04/23 |
| Plestina | Kruger | 04/24 |
| Rae | Walker | 04/25 |

*Hoenderpasteie en bobotie te koop by die Kerkkantoor*

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

19 April 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Sinodale kollekte:
Gemeentebediening
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 26 April**
09h30 Struisbaai
Nagmaal
10h30 Kategese
Spesiale kollekte:
Gemeente Noodfonds

**Gemeentebediening** se roeping is om gemeentes te ondersteun om in uitdagende tye te floreer en te blom. Deur verskeie instrumente help ons leiers om diep na die Woord en hul gemeenskap te luister, sodat hulle onder leiding van die Gees God se voorkeur-toekoms vir hul gemeente kan onderskei.

## LIEFDADIGHEIDSJAAR

SUIDPUNTKOOR onder leiding van Christa-Marié Williams het Saterdag, 18 April, die pad aangedurf Robertson toe. Hulle het as deel van hulle liefdadigheidsjaar by Huis le Roux & by JE Park opgetree. KOM SLUIT AAN BY ONS! Ons oefen Donderdae van 15h30 tot 18h00 in die Kerk op Struisbaai.

## SKULPKONSTRUKSIE

Saterdag 25 April. Wil jy saam klim? 10 minute se opklimmery. Reserveer solank Saterdag, 25 April, dan stap ons saam. Ons kry mekaar by SPOOKDRAAI. Kontak Joanie by 0725193170 vir navrae.

Dankie Irmgard Berner dat jy so getrou die kennisgewingbord in L'Agulhas opdateer.

## NUWE LIDMATE:

Ons verwelkom belydende lidmate Plestina Kruger en Karien de Witt.

**Teksvers:** Joh 10 vers 10 - ...Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en dit in oorvloed.

## Ons bid vir...

1. Verdieping van ons geloof.
2. Meer stemme om by ons koor te voeg.
3. Lekker samewerking met ons hoenderbraai.
4. Gunstige weersomstandighede vir Saterdag se uitstappie na die Nautiluskonstruksie in die kloof.
5. 'n Geseënde Mannebybel-studie.
6. Seën op al die Bybelstudie-groepe in ons Gemeente.
7. Gemeentebediening.
8. 'n Lewe in oorvloed.
9. Rina Eckley herstel na operasie.

### NAGMAAL - NOODSPENS

Ons neem op 'n Nagmaalsondag nie-bederfbare kruideniersware, toiletware en/of skoonmaak-middels kerk toe vir ons NOOD-SPENS. Bring net wat jy kan. Daar is mandjies in die Kerk se portaal.

## Doen & Deel

### DANKIE VIR:

1. Die voorreg om as koor in Robertson te kon sing.
2. Versorgers in ons blokke.
3. "Projekte en Funksies" wat met soveel ywer werk in ons gemeente.
4. Almal wat gaan help met die hoenderbraai.
5. Die voorreg om as kinders van God deel te kan wees van Suidpunt Gemeente.

### WOL

Madie Haynes vra oorskietwol vir 'n tannie in Noord wat musse en slaapkouse brei vir die kindertjies daar. Gee dit asseblief by die Kerkkantoor af (08:00 tot 12h00 van Dinsdag tot Donderdag).
Dit kan ook Sondae kerk toe ge-bring word, waar Madie dit sal ontvang.
Madie se kontaknommer: 0822932336.

## Doen & Deel

Ds. Hettie Wessels van die NG Kerk Weltevreden het nou onlangs 'n pragtige oggend-boodskap oor SLEUTELS geplaas.
Sy sê onder andere dat party van ons 'n bondel sleutels saamdra: kennis, geleenthede, drome, uitnodigings wat jy duidelik weet van God af kom, maar in plaas daarvan om deure met daardie sleutels oop te sluit, hou ons daardie sleutels soos trofeë vas... vir EENDAG; as ek REG is daar-voor, ensovoorts.
Is ons bang wat die mense gaan sê? Is ons onseker?
Het iemand dalk iets gesê wat jou laat twyfel aan jouself?
Kom ons spoor mekaar aan tot deelname en goeie werke.
Sien geleenthede raak.
Gebruik jou talente en LEWE in OORVLOED!

Wil ons nou eers rus en kans kry om tot verhaal te kom nadat ons tot nou toe baie besig was in ons beroep of kerk of vorige gemeenskap waarvan ons deel was? Intussen bly die deure toe. Jesus sê in Johannes 10 vers 10 dat Hy gekom het dat ons die lewe kan hê en dit in oorvloed. Die wonderlikste is dat God ons by ons hand neem en as't ware die deur vir ons oopsluit waarheen Hy ons wil stuur. Die deur na die EWIGE LEWE, maar ook deure na ander mense toe, sodat Hy deur ons kan werk.

### Bredasdorp Poskantoor.

Die poskantoor versoek dat mense wat posbusse op Struisbaai gehad het hulle pos by Bredasdorp Poskan-toor by Thusanang gebou gaan afhaal en gratis aansoek doen vir hernuwing van hul Struisbaai posbus. Daar is regtig baie posstukke en dit is mooi gesorteer. So jy word gou-gou ge-help.